



INTERNASIONALE MARKTE

- GEEN EINDE AAN TRUMP SE IMPAK OP MARKTE NIE

► CHINA EN VSA STEEDS GEWIKKEL IN HANDELSPANNING

Internasionale markte het in Augustus weer uiters wisselvallig vertoon nadat Amerikaanse President Donald Trump sy administrasie se handelsoorlog met China verskerp het en ook weens vrese dat 'n resessie in die VSA op pad is. Trump het vroeg in die maand op Twitter gesê 'n bykomende tarief van 10% gaan vanaf 1 September op Chinese invoere gehef word en 'n paar dae later het hy China daarvan beskuldig dat die land wisselkoerse manipuleer toe die yuan tot besonder lae vlakke verswak het. In die laaste dae van die maand het spanning hoog geloop toe China nuwe tariewe op Amerikaanse goedere aangekondig het. Trump se reaksie was 'n "bevel" dat Amerikaanse maatskappye bedrywigheide uit China onttrek én verdere tariewe.

Al hierdie gebeure het markte onder druk geplaas hoewel daar naby die einde van die maand 'n effense herstel bespeur is toe die Chinese ministerie van buitelandse sake bekend gemaak het dat onderhandelaars van albei lande "doeltreffende kommunikasie" handhaaf.

Die Nasdaq, wat bekend is vir die tegnologie-maatskappye wat op hierdie beurs genoteer is, is in Augustus die swaarste getref en het 2.6% laer gesluit, maar is steeds jaar tot datum 20% hoër. Die S&P 500 het die maand 1.8% laer afgesluit (+16.7% jaar tot datum). Die Dow Jones Nywerheidsindeks het ook laer gesluit op -1.7% vir die maand (+13.2% jaar tot datum).

► MARKTE SLUIT LAER IN EUROPA, DIE VK EN ASIË

Die vernaamste aandeelbeurse in Europa het vir die tweede agtereenvolgende maand swakker vertoon met die Duitse DAX 2% laer maand op maand (+13.1% jaar tot datum). In Frankryk het die CAC 0.7% laer gesluit (15.8% jaar tot datum). In Duitsland is aangekondig dat daardie land se ekonomie in die tweede kwartaal met 0.1% (kwartaal op kwartaal) verlangsaam het danksy dalings in uitvoer.

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 5% laer gesluit (+7.1% jaar tot datum) en daar is vrese dat die land vir die eerste keer in tien jaar 'n ekonomiese resessie gaan beleef. Die nuwe Eerste Minister, Boris Johnson, se oënskynlike plan om voort te gaan met Brexit sonder enige ooreenkoms het ook ekonomiese aktiwiteit onder druk geplaas.

Ook in Asië het markte in Augustus laer gesluit met die Hang Seng Indeks 7.4% laer vir die maand (-0.5% jaar tot datum). Oproer in Hong Kong het die negatiewe sentiment aangevuur. China se Shanghai saamgestelde indeks was 1.6% laer (+15.7% jaar tot datum) teenoor Julie. Die land se ekonomie het aan verskeie fronte verswak – werkloosheid het in Augustus 'n rekord hoogtepunt gehaal en vervaardiging, verbruiksbesteding en belegging in eiendom was ook laer as wat verwag is.

PLAASLIKE MARKTE

- SWAK EKONOMIE EN POLITIEK PLAAS DRUK OP MARKTE

► TESOURIE STEL GROEIPLAN BEKEND

Augustus was 'n besige maand in Suid-Afrika, en 'n hele paar ontwikkelings het negatiewe sentiment aangedryf. Die hoogtepunt van die gebeure was die Minister van Finansies, Tito Mboweni, se bekendstelling van 'n ekonomiese beleidsdokument van 77 bladsye, getiteld **Ekonomiese transformasie, inklusiewe groei en mededingendheid vir 'n ekonomiese groeistrategie vir SA**. Vakbonde het nie goed daarop gereageer nie en Cosatu veral was omgekrap dat die organisasie nie geraadpleeg is nie. Die private sektor daarenteen, het die dokument grootliks verwelkom. Die publiek is genooi om kommentaar vir die Minister te stuur en die doelwit is om die dokument as 'n bloudruk te gebruik om ekonomiese groei te bevorder en werksgeleenthede te skep.

Twee ander kwessies het in Augustus baie aandag gekry – die Minister van Gesondheid, Zweli Mkize, het op 8 Augustus die gewysigde **Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)** gepubliseer, wat die aandeelpryse van maatskappye soos Discovery en Aspen onder druk geplaas het (albei het die maand 12.9% laer as in Julie afgesluit). Dit het die nuus vir dae oorheers en verskillende kommentators het baie te sê gehad. Sommige het gewaarsku dat dit verdere druk op die staat se finansies gaan plaas en ook die mediese sorg keuses vir individue kan benadeel. Die ander was wetgewing vir die afskryf van skuld, wat op 13 Augustus bekend gemaak is, vir individue wat minder as R7 500 per maand verdien en skuld van meer as R50 000 het. Organisasies soos die SA Vereniging van Banke het gewaarsku dat dit 'n negatiewe uitwerking kan hê as formele instansies nie meer aan die laer inkomste groepe lenings wil toestaan nie, wat kan veroorsaak dat hulle alternatiewe opsies gaan gebruik en so roekelose lenings sal aangaan.

► NOG 'N SWAK MAAND VIR DIE JSE

Die JSE het in Augustus weer verswak en die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het die maand 2.7% laer gesluit (+4.8% jaar tot datum) – die derde maandelikse verlies vir die jaar. Finansiële aandele is weereens die swaarste getref en die Fini-15 het maand op maand 4% laer gesluit (-7.6% jaar tot datum). Die vier grootste banke is almal geraak en Nedbank het die maand 6.3% laer gesluit, ABSA 3.8% laer, FirstRand 2.9% laer en Standard Bank 1.3% laer teenoor Julie. Die Resi-10 was ook laer (-1.7% maand op maand, +8.1% jaar tot datum) danksy dalings vir aandele soos Anglo American (-6.9%), Glencore (-4.8%) en BHP Group (-4.7%) teenoor Julie. Ook die Indi-25 was onder druk en het maand op maand 2.9% laer gesluit (+10.9% jaar tot datum). Die rand het in die maand met 6% verswak en is ook 6% laer teenoor die dollar, jaar tot datum.

Goudmyn maatskappy Harmony se aandeelprys het in Augustus die beste gevaar en het 50.4% hoër as in Julie gesluit danksy 'n stewiger goudprys en indrukwekkende jaarsyfers. Twee ander goudmyn maatskappye was in die tweede en derde plek – AngloGold Ashanti (+36.4% maand op maand) en Pan African Resources (+34.5% maand op maand). Die goudprys het in die laaste week van Augustus teen die hoogste prys in ses jaar verhandel, die vierde agtereenvolgende maand van stygings. Delta en Rebois-B aandele het die swakste gevaar en Augustus onderskeidelik 39.9% en 39.3% laer as in Julie gesluit. Grindrod was in die derde plek en het maand op maand 27.3% laer gesluit. Jaar tot datum is Impala steeds die beste vertoner met 'n styging van 135.7%.

PLAASLIKE MARKTE

► TRAE EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE DUUR VOORT

Ekonomiese aktiwiteit is steeds swak en die Absa Aankopers Indeks (bekend as PMI) het in Augustus tot 45.7 gedaal, wat laer is as wat algemeen verwag is. In Julie was die PMI 52.1 punte. Die neutrale merk is 50 indekspunte. Enige syfer hoër as 50 dui op 'n verbetering en laer as dit op agteruitgang. Suid-Afrika het in Julie 'n handelstekort van R2.88 miljard aangeteken, danksy uitvoer van R112.94 miljard teenoor invoere van R115.82 miljard. In Junie is 'n handelsoorskot van R5.4 miljard aangeteken, aldus syfers wat deur SARS bekend gemaak is.

► EIENDOMSMARK SUKSEL

Stygings vir huispryse is die afgelope twee jaar laer as inflasie op 'n gemiddeld van 3.6%, luidens 'n berig in *Business Day*. Die SA inflasiekoers het in Julie effens gedaal tot 4%, teenoor die gemiddelde syfers van 4.7% in 2017 en 4.5% in 2018. Selfs van die areas wat voorheen steeds goed presteer het, ervaar nou minder aktiwiteit. Daar is sover in 2019 net 149 eiendomme in Seepunt verkoop, vergeleke met 265 in 2018, 'n afname van 44%. In die stadskern van Kaapstad is verkope van eiendomme sover 69% minder as die totaal vir 2018.

Bronne: Anchor Capital, Business Day, Momentum

NUUSFLITS - MAURITIUS SEMINAAR

MAURITIUS IS VINNIG BESIG OM 'N UITERS GEWILDE BELEGGINGBESTEMMING VIR SUID-AFRIKANERS TE WORD, WAT BELEGGINGS WEG VAN DIE RISIKO VAN DIE PLAASLIKE MARK ONDERSOEK.

Brenthurst Wealth bied op 1 Oktober 2019 'n seminar oor belegging in Mauritius aan. Magnus Heystek, Direkteur en Beleggingstrateeg en ander kenners van markomstandighede en ook eiendomsgeleenthede op die eiland, sal hul insigte deel oor hoekom die eiland al gewilder word vir ernstige beleggers.

BESPREEK HIER: <http://www.bwm.co.za/seminars/>

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

MAURITIUS	+230 584 35215
JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391
PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240
NEWLANDS	+27 (0) 21 418 1236
BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646
STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706



BRENTHURST WEALTH IS IN 2017 AS DIE TOP BOETIEK WELVAARTBESTUURDER IN SA AANGEWYS EN WAS DIE NAASWENNER IN 2018 IN DIE INTELLIDEX PRIVATE BANKE EN WELVAARTBESTUURDERS TOEKENNINGS.